Rietvallei

Kampnuus

# SAN CHA LEN

11 tot 13 September - Seniorsaamtrek
en
13 – 15 September – Streeksaamtrek

Vir my beteken die naam, San Cha Len, net eenvoudig, "kuier lekker saam", want dit is presies wat almal gedoen het en die kamp baie spesiaal gemaak het.

Dit is trouens die eerste keer, waar ek van weet, dat alle kampeerders, oud en jonk, reeds vanaf Donderdag daar was. Vrydag ht daar weliswaar drie spesiale gaste by gekom, ons noem hulle "huiskampeerders", wat verantwoordelik was vir ons "uitheemse" ete Vrydagaand en naturlik ook gehelp het met die reëlings vir die kamp.

Vrydagoggend het vir die dames op 'n "hoogtepunt" begin met "High Tea". Die pragtige, oorspronklike, selfgemaakte hoede skeppings was werklik van die "hoogste" gehalte (letterlik en figuurlik). Daar is lekker gesels en geëet en natuurlik is die welverdiende wenners dan ook aangekondig. Alida Venter, Dalena Marx en Gerda de Wagenaar het die "hoogste" punte behaal en oulike bruikbare pryse ontvang.

Die manne het ook lekker saamgekuier en heerlike eetgoed is aan hulle voorgesit.

Vrydagaand, na Boekevat wat gelei is deur Johan la Grange, is die braaipanne gou reggeskuif om die klaar voorbereide "Bahmi Goreng" (dankie Gerda en Hein) warm te maak. Baie versigtig het almal begin eet en kort daarna was die tonge los oor die onbekende gereg.

Saterdagoggend het 'n paar flukses hulle stapskoene aangetrek en bietjie oefening gekry.

So 15:30 se kant, het almal by Pieter en Elmarie se wa bymekaar gekom om Dalena se, nou alom bekende, plaatkoekies te verorber met biltong, kaas, stroop, ensovoorts. Altyd 'n wenner.

Die buurmanbraai het eintlik 'n saambraai geword en daar is tot laat om die kampvuur gekuier.

Ons was so bevoorreg om die naweek 'n skottelgoedwasser te hê, onder leiding van Dalena. Met die hulp van verskillende mense is almal met skoon borde en eetgerei terug wa toe. 'n Heerlike gevoel, dankie Dalena.

Sondag het ons vir die eerste keer in jare weer 'n predikant gehad wat die diens vir ons gelei het. Baie dankie André Fitzgerald en Tina. Ons waardeer dat julle al die pad van Pretoria af gekom het daarvoor.

Al die formele sake is gou afgehandel en kon almal die heerlike eet en drinkgoed geniet.

Dit was weereens 'n besonderde SAWA kamp wat deur 'n ieder en elk geniet is, al het ons baie warm gekry.

*Margriet en Wim*

**Woensdagaand**




Van rookstook tot lekkerbrandvuur, alles met 'n blaasbalk… en 'n gasbrander




Na ete, 'n groot gekuier

**Donderdagaand**




Wors oor die kole gebraai met 'n verskeidenheid van brode met 'n verskeidenheid van konfyte én "Rylwy-koffie".

Sou darem graag by só 'n Spories gewerk het!

**Vrydagaand, Bahmi Goreng**



Finale afronding

'n Tradisonele Nederlandse gereg, oorspronklik uit Indonisië. Die hoofbestanddele is pasta, varkvleis in blokkies gesny, 'n bietjie groente soos kool en dan ligte kruie.
Hein Henze en Gerda de Wagenaar het die gereg gemaak.
Margriet is hier besig om dit lekker warm te maak om opgedien te word.



Beproef deur die Kookspan



… en die Genietspan

# Vrydagoggend: *“High Tea”* – en Hoede



Annatjie, Alida en Ann



Erna en Elmarie in ‘n lawwe-luim



Tersia en Elmarie besing die
“nommer van die dag”



Stom van verbasing(?)
beskou Sarie die petalje



Eerste Prys:
Alida Venter



Tweede Prys:
Dalena Marx



Derde Prys:
Gerda de Wagenaar

**Bosveld Televisie**



# Sondag


Ds André Fitzgerald bring 'n Boodskap


Wim en Margriet met Tina en Ds André


Bertus bedank die Koördineerders
Margriet, Wim, Hein, Jan en Gerda


Pieter en Elmarie ontvang
70 Streeksaamtrek


Johan en Erna ontvang
70 Streeksaamtrek


Pieter verjaar op 5 September


Ann verjaar op 23 September


Freddie van Zijl was ook daar

